

*Paul Kruger – toesprake en korrespondensie 1881-1900*

**(Pretoria: Protea Boekhuis, 2017, 612 pp. ISBN: 9781485305743)**

**JS Bergh**

Piet Strauss

*Universiteit van die Vrystaat*

straussp@ufs.ac.za

Belangstellendes in die staatkundig-kulturele geskiedenis van Afrikaners, waaronder die geskiedenis van die Boerepublieke in Suider-Afrika in die 19e eeu, sal onmiddellik geïntresseerd wees in hierdie netjies-versorgde publikasie.

Hoewel sommige van die toesprake en korrespondensie van Paul Kruger (staatspresident van die Zuid-Afrikaansche Republiek of ZAR 1883-1900) in 1881-1900 ook elders gepubliseer is, is hierdie publikasie met sy ongeveer 600 bladsye 'n aanwinst. Hierdie wins spruit veral uit outeur Johan Bergh se gebruik van primêre en gekontroleerde bronne vir sy stof. Bronne waarsonder 'n publikasie met dié tema ondenkbaar is en die leser nie direk by Kruger self, sy karakter en denke uitkom nie. 'n Wins wat juis om hierdie rede en met hierdie aantal bladsye, 'n klein bibliotekie/argief oor die ware Kruger vorm.

Bergh verdeel die stof kronologies oor 5 hoofstukke. Hoewel hy natuurlik vir Kruger aan die woord stel, gee hy voor elke hoofstuk 'n inleiding waarin hy die belangrikste sake – vir Kruger in daardie tyd – uitlig én iets van Kruger se aanpak vermeld. Bergh haal destydse bewonderaars in Nederland aan wat na die president se gemoedelike erns en, hulle insiens, ruwe en oorspronklike Boere-Hollands verwys. Sommige mense beweer dat Kruger ook van 'n “Boeresielkunde” of 'n skynverontwaardiging gebruik gemaak het om mense te oortuig. Bergh haal vir Carl Jeppe aan as hy sê:

He was always himself and even when he lost his temper – which was not seldom – he did not lose his head; in fact, many people believed that he was often far less angry than he appeared to be. Be that as it may, his storms of wrath were awkward to encounter, and not many cared to face them.

Hoewel Bergh self spaarsamig oor die persoon en impak van Kruger praat, bou hierdie opmerkings aan die opvatting by veral Afrikaners dat Kruger 'n besondere mens en sterk politieke figuur was. Uit die toesprake en korrespondensie van hom wat Bergh aanbied, blyk die houding van Kruger oor 'n groot aantal sake.

Wat opval is Kruger se gebruik van die Bybel, Bybelgedeeltes of –tekste en Psalm- of Gesangverse in sy toesprake en korrespondensie. ’n Tendens wat ook blyk uit sy telegramme aan burgers te velde na die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899. Kruger was ’n uitgesproke Christenstaatsman wat hom beywer het vir die Zuid-Afrikaansche Republiek as ’n Christelike staat. By sy beëdiging as staatspresident in 1883 noem hy die Christelike godsdiens ’n steun vir kerk en staat. Vyf jaar later, aan die begin van sy tweede termyn, verklaar hy dat Hy geroep is om oor Christen-Afrikaners, wat hy Ou Testamenties as deel van God se volk beskou, te regeer. Daarom moet hy aan die Almagtige verantwoording doen oor die bewaring van hulle regte en voorregte “*wat deur God aan die volk van hierdie land geskenk is*”. God-Drieëinig as hulle troue Verbondsgod is Allersoewerein en die grondwet van die Zuid-Afrikaansche Republiek moet rus op die 10 gebooie. Die staat moet die kerk beskerm en aan haar die ruimte waarborg waarbinne sy die Evangelie kan verkondig.

Kruger spreek hom as ’n persoon met ’n geringe skoolagtergrond dus oortuigend oor die verhouding kerk-staat uit. Hy wys enkele kere self op sy skolasiese agterstand, hy het hoogstens drie maande skool gegaan, maar skroom nie in die 1890’s om met ’n mede-Calvinis, die Nederlander Abraham Kuyper, oor die stigting van ’n Christelike universiteit in Pretoria te korrespondeer nie. ’n Ideaal wat hyself nie vervuld gesien het nie. Staatsekretaris WJ Leyds bevestig Kruger se statuur as hy wys op die hoë dunk wat die Duitse kanselier, Otto von Bismark, na ’n besoek van Kruger, van hom gehad het. Daarby is Kruger ’n erkende Dordtse Kerkorde artikel 8 predikant in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. ’n Bevoegdheid wat hy ontvang vanweë sy “singuliere gawes” vir die amp.

In sy dispuut met hoofregter Kotzé wat in 1898 lei tot Kruger se afdanking van die regter, glo Kruger dat die houe die wette van die land moet toepas en nie self kan maak of toets nie. Hierdie wette kom van die Volksraad as die verteenwoordigers van die koningstem, die stem van die volk. Hoewel die volk die Here moet gehoorsaam, hoor hy ook die stem van God in die stem van die volk. Kruger tree beslissend op in hierdie debat.

Vir ons tyd is Kruger se houding oor die Jode, Engelse en swartmense soos deur Bergh aangetoon, binne en buite die ZAR belangrik. Hy open in 1892 die Joodse sinagoge in Johannesburg. Kruger gun hulle hulle vryheid van geloof in die ZAR. Getrou aan sy eie oortuigings – en eie aard – spreek hy egter die hoop uit dat hulle die Woord van God getrou sal opvolg. Op voorstel van

Kruger besluit die Volksraad van die ZAR in 1899 om dit vir Jode en Rooms-Katolieke ook moontlik te maak om tot die raad verkies te word. Vir immigrante wat soek na goud, maar getrou is aan die Republiek, begin Kruger en sy Volksraad met 'n Tweede Kamer. Kort voor die Anglo-Boereoorlog skep hulle ruimte vir stemreg vir hierdie mense na 5 jaar.

Volgens Kruger het swartmense die reg om regverdig behandel te word. Teen 1888 is daar na raming sowat 100,000 blankes en 800,000 swartes in die ZAR. Hyself was as 'n 10-jarige 'n oor- en ooggetuie van die Groot Trek van 1835-1838. Hierdie Trek was 'n emigrasie en nie 'n rebellie nie en het in oop dele van die binneland van Suid-Afrika ingetrek en nie grond van swartmense gesteel nie. Die ZAR was grotendeels deel hiervan. Hy werk nou vir hulle afgebakende lokasies en eie gebiede. Hy beywer hom vir die beskawing van die swartes sodat hulle, hulle plek in die wêreld kan volstaan. Alle mense is voor God geestelik gelyk, maar nie liggaamlik of in hierdie lewe nie.

By die herdenking van die Gelofte van 1838 by Paardekaarl in 1886 en 1896, herhaal Kruger sy siening oor die Groot Trek wat in onbewoonde gebiede ingetrek het. Syns insiens vra die Gelofte onder andere dat die Afrikaner die Here as die Verbondsgod met sy lewe elke dag vereer. Hy haal die bekende vraag van Heidelbergse Kategismus aan, naamlik "Hoeveel dinge moet jy weet om getroos te lewe en te sterwe...?" én die tweede vers van 'n berymde Psalm 25: "Leer my Heer u regte weë." Kruger speel 'n groot rol in die hernuwing van die Gelofte by Paardekraal in 1880 voor die Eerste Vryheidsoorlog.

Hoewel Kruger Britse Imperialisme verafsku, wil hy verhoudinge met Engelsprekendes normaliseer. Die Engelse en Hollanders spruit immers uit een stam. Hy voorsien ook 'n verenigde Suid-Afrika: langs vreedsame en konstitusionele weg. Intussen glo hy dat God in Sy voorsienigheid die ZAR beskik het en dat hy hierdie onafhanklikheid moet koester. Dit is sy houding oor die Londense Konvensie van 1884 en enige versoek om vrede na die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899.

Vir Kruger is die vriendskapsverbond met die Oranje-Vrystaat in 1889 en 1897 'n hoë prioriteit. Hy en president MT Steyn van die Vrystaat (1896-1902) ontwikkel as die ouer en jonger staatsman 'n groot waardering vir mekaar.

Hoewel Bergh met sy kantaantekenige en verwysings sake in 'n historiese perspektief stel, probeer hy nie om 'n patroon in Kruger se denke bloot te lê nie. Hy gee geen tipering van Kruger se republikenisme, neo-Calvinisme of

(soms fundamentalistiese) Ou Testamentiese aanslag nie. Hy probeer ook nie om kritiese vrae te beantwoord nie, maar laat Kruger in sy eie konteks self aan die woord. Wat uit die verf kom, is 'n energieke, bekwame, kindergelowige Christenstaatsman. Kruger is 'n uitstaande Afrikaner én 'n Dopper van sy tyd en 'n soeker na die wil van God in alles, ook staatsake.

Uit hierdie hoek is Bergh se werk 'n aanwinst vir historici.

*The contested idea of Zimbabwe and the violent power politics:  
Lessons for South Africa*

**(Pietermaritzburg: University of KwaZulu-Natal Press, 2016, 280 pp.  
ISBN: 9781 86914 3114)**

**Michael Bratton**

Sabelo J Ndlovu-Gatsheni  
*University of South Africa*  
Ndlovs2@unisa.ac.za

This review of Michael Bratton's book comes at a time when Zimbabwe is again poised for another election, a moment which heightens political stakes, power dynamics, and the haunting possibility of violence as a mediator of politics and power. The review is also taking place at a time when Zimbabwe's neighbour (South Africa) is caught-up in unprecedented political ructions within the ruling African National Congress (ANC) with ripple effects on the national economy and national politics. While on the surface, President Jacob Zuma's problematic leadership is given as the main cause of the crisis which has seen the national currency (the Rand) nose-diving and South Africa degraded by the credit-rating agencies *Standard & Poor* and *Moody* to junk status; there are deeper issues linked to the very contested idea of South Africa and the failure of the ANC to quickly and successfully transition from a movement to a cohesive political party. The operation of the ANC as a 'broad church' has come to haunt it at a time when it is expected to take radical decisions on the economy and corruption.

Unlike the ruling Zimbabwe African National Union-Patriotic Front (ZANU-PF), which successfully captured the state since coming to power in 1980, the ANC's attempts to "capture the state" has provoked serious opposition including the calls for President Zuma to resign as state president.